

D I E A F R I K A A N S E W O O R D E B O E K

(Aanbieding van Deel V aan die Staatspresident en aan Sy Edele die Minister van Nasionale Opvoeding.)

Die Afrikaanse Woordeboek of Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) is, soos bekend, 'n omvangryke verklarende woordeboek van Afrikaans. Dit word as Staatspublikasie onder 'n Raad van Beheer (waarin die Staat, die Universiteit van Stellenbosch en die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns verteenwoordig is) opgestel aan die Universiteit van Stellenbosch, wat die onderneming kosteloos huisves, finansieel steun en deur sy Rektor administreer. Die redaksie bestaan tans uit tien lede.

Univ.

Die verbintenis van die Woordeboek met die Universiteit van Stellenbosch dateer vanaf die begin in 1926, toe 'n ooreenkoms gesluit is tussen die Staat, die Universiteit, prof. J.J. Smith, hoogleraar in Afrikaans aan die Universiteit, en die Nasionale Pers vir die opstel van 'n "volledige en gesaghebbende" woordeboek. In 1930 het die Universiteit die verantwoordelikheid van die Nasionale Pers oorgeneem.

Prof. Smith het in 1945 afgetree en is in 1947 opgevolg deur dr. P.C. Schoonees, wat tot 1962 hoofredakteur was.

Materiaal

Die basiese materiaal van die Woordeboek is sy woordversameling, wat deur die jare aangegroei het tot byna 2,000,000 kaartjies en nog steeds vermeerder met ongeveer 11,000 kaartjies per maand. Hierdie kosbare versameling - wat in 'n brandkluis bewaar word - bevat optekeninge van gewone woorde uit die skryf- en spreektaal, tegniese terme, streekwoorde en uitdrukkings oor die hele taalgebied.

By die bewerking van hierdie materiaal word gebruik gemaak van 'n goed toegeruste naslaanbiblioteek, maar die meeste tegniese definisies word deur vakkundiges gekontroleer, en by baie streekwoorde word inligting ingewin van skole en persone ter plaatse. Meermale word ook waardevolle hulp ontvang van die pers, wat met groot welwillendheid navrae van die Redaksie opneem.

Vyf dele van die Woordeboek het tot dusver verskyn: Dl. I (A - C) in 1951, Dl. II (D - F) in 1955, Dl. III (G) in 1957, Dl. IV (H - I) in 1961 en Dl. V (J - KJOU) in 1968. Die werk aan Dl. VI is reeds in volle gang.

Deel V, met sy 776 bladsye, word in omvang net deur Deel II (794 bladsye) oortref. Ongeveer 27,000 trefwoorde word daarin behandel, wat wissel van die alledaagse, die gewestelike en selfs die platvloerse woord tot die kultuurwoord en die tegniese term. Streekwoorde en -uitdrukkings word verteenwoordig deur talle interessante inskrywings, soos jalamallaang (op 'n visvangtog die nag op see oorbly - Maleise vissersterm), Kapaailand (o.m. spotnaam vir Oos-Kaapland), en allemands neus is geen kapstok ('n geheim kan nie aan iedereen vertel word nie - opgeteken in Graaff-Reinet). Na ou kultuurgoed verwys woorde soos kakebeenwa (met 'n volbladillustrasie waarop die name van die onderdele aangedui word) en kapstylhuis. Dames sal onder kant 'n verskeidenheid tipes vind (met afbeeldings, waaronder die ongewone wag-'n-bietjie-patroon, ontwerp deur Emily Hobhouse). Die kerkman sal bv. onder kerk (die langste artikel tot dusver), die natuurwetenskaplike onder kern, die filosoof en sielkundige onder ken en kennis en die sportman onder jukskei stellig iets van sy gading vind. En vir die gewone gebruiker en student van Afrikaans is daar gegewens van allerlei aard, soos die betekenisomskrywings, die uitgebreide voorbeeldmateriaal, die talle idiomatiese uitdrukkings, nuouvorminge (bv. by kits), wisselvorme (bv. 46 by kasaterwater), ens.

Weens die breë veld wat dit dek, speel Die Afrikaanse Woordeboek reeds 'n rol van toenemende belang as naslaanwerk. Dit is 'n vraagbaak wat die gebruiker selde in die steek laat.

Woordeboekkantoor,
10 Maart 1969.